

Praktyk in die belastinghove

Geert Stevens

Suid-Afrikaanse Inkomste Diens

DIE wette wat aan die Suid-Afrikaanse Inkomste Diens toevertrou word, is omvangryk en beïnvloed elke mens, onderneming en aktiwiteit op een of ander wyse. Daar bestaan voortdurend 'n spanning tussen die owerheid en sy behoeftes, enersyds, en die onderdaan en sy vermoë om tot die bevrediging van daardie behoeftes by te dra, andersyds. Niemand kan dus daarop roem dat hy totaal onbetrokke teenoor belasting staan nie. Belasting is gevolglik 'n onderwerp van daaglikse dispuut tussen owerheid en onderdaan, laasgenoemde wat ten beste beplan om sy las so lig as moontlik te maak.

Belastingwetgewing is wêreldwyd ingewikkeld. In Suid-Afrika het dit deur die jare aanleiding gegee tot soveel verskille tussen belastingpligtiges en die Kommissaris van Binnelandse Inkomste dat daar 'n afsonderlike reeks bundels van beslissings in belasting sake verskyn wat bekend staan as die *South African Tax Cases* (SATC). Die eerste opgetekende spesiale hofuitspraak in hierdie bundels is gedateer 24 Februarie 1922.

Die regsafdeling van die Inkomste Diens staan midde-in die masjienkamer van dié geskille en is die kommissaris se span advokate wat hom adviseer en instruksies van hom ontvang. Tog is daar min bekend oor hulle praktyk en werkwyse. Ek wil graag enkele aspekte daarvan met lesers deel.

Spesiale hof

Die terrein waarin die regsafdeling optree, is die “spesiale hof vir die verhoor van inkomstebelastingappelle” (“spesiale hof”). Die spesiale hof vind sy bestaan en jurisdiksie binne die vier hoeke van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 (“die wet”) en dié se voorgangers. Die spesiale hof is dus “a creature of statute” met geen inherente jurisdiksie soos die hooggeregshof nie.



Geert Stevens BA LLB is die hoofbelastingadvokaat van die Suid-Afrikaanse Inkomste Diens

Die huidige spesiale hof is die skepping van artikel 83(2) van die Wet wat bepaal dat dit sal bestaan uit 'n regter van die hooggeregshof, die “voorsitter” van die hof, 'n rekenmeester wat nie minder as tien jaar ervaring het nie en 'n verteenwoordiger van die handelstand. Indien die onderwerp van die geskil op die mynboubedryf betrekking het, is die derde lid van die hof gewoonlik 'n gekwalifiseerde myningenieur.

'n Belastingpligtige wat met die kommissaris in geskil tree, moet sy beswaar skriftelik stel en die redes daarvoor breedvoerig uiteensit (a 81). Hierdie vereiste moet nageset nagevolg word, want tydens verrigtinge in die spesiale hof is hy beperk tot die redes in sy beswaar uiteengesit, tensy die kommissaris instem of die spesiale hof toelaat dat die gronde van beswaar gewysig mag word. So 'n wysiging gee aanleiding tot 'n verdere vertraging in die aanhoor van die saak en verdere koste.

Praktyk en prosedure

Die algemene praktyk en prosedure van die spesiale hof word deels deur sy eie regulasies gereël, maar waar dié swyg, geld die prosedures en praktyk van die landdroshof. In die meeste gevalle is die prosedures soos neergelê deur die wet en regulasie B voldoende om die

beslegting van die geskil in die spesiale hof ordelik en spoedig te laat verloop.

Die beswaarde belastingpligtige is by magte om self in die spesiale hof te verskyn of om verteenwoordig te word deur 'n advokaat, 'n prokureur of 'n “agent”. Die kommissaris of sy verteenwoordiger is bevoeg om 'n belastingaanslag voor die hof te verdedig. Die belastingadvokate in die regsafdeling onderneem hierdie taak (a 83(12)).

Bewyslas

Artikel 82 van die wet bepaal dat die bewyslas op die belastingpligtige rus. Wanneer 'n besluit van die kommissaris op appèl geneem word, word die besluit nie gewysig of tersyde gestel nie, tensy die belastingpligtige bewys het dat die beslissing verkeerd was. Die bewyslas is in wese niks anders as dié wat geld in ander siviele sake nie, met ander woorde die belastingpligtige moet sy saak kan stel op 'n oorwig van waarskynlikhede. Die spesiale hof is by magte om 'n aanslag te bevestig, te verminder of te wysig of om die aanslag na die kommissaris vir verdere ondersoek terug te verwys. Die spesiale hof maak geen bevel ten opsigte van koste nie behalwe:

- wanneer “die vordering van die kommissaris onredelik is”;
- wanneer die gronde van appèl daarteen “beuselagtig” bevind word; of
- waar die beslissing van die spesiale raad (*infra*) “wesentlik bekragtig word” (a 83(17)).

Griffier

Die regulasies bepaal dat daar “'n griffier vir die hof” is (B. 1). Die regulasies lê dan sekere prosedure – en ander reëls – neer waarin die griffier na vore tree as die spil waarom die ordelike verhoor van 'n appèl draai. Sy (die griffier is tans 'n vrou) is een van die partye wat 'n sê het in die bepaling van die plekke waar die spesiale hof sittings hou en moet die dossier ten opsigte van 'n saak aan die hof voorlê (B.2). Die griffier reik verder dagvaardings uit aan partye wat as

getuies geroep staan te word (B.9), stel die partye skriftelik van die beslissings van die hof in kennis (B.10.3 en takseer kosterekenings in daardie gevalle waar bevele betreffende koste gegee word (B.13). Die griffier en haar personeel is teenwoordig tydens hofverrigtinge en maak self transkripsies van die verrigtinge vir doeleindes van appèl na die hooggeregshof. Sy staan ook in beheer van die tik van uitsprake van die hof en die aanwysing van lede van die hof vir 'n saak wat verhoor staan te word.

Publikasie

Die voorsitter van die spesiale hof is by magte om aan te dui welke uitsprake van die hof vir algemene kennisname gepubliseer mag word (a 83(19)). Indien hy publikasie weier, is dit die einde van die saak. Indien hy publikasie goedkeur, word 'n proses van redigering van die uitspraak deur die griffier en haar personeel aan die gang gesit en die finale produk hiervan is die uitspraak in 'n formaat wat verseker dat die appellant nie geïdentifiseer kan word nie. Indien 'n appellant nie goedkeuring tot publikasie wil verleen nie, mag die voorsitter die publikasie magtig indien hy van mening is dat die appellant se goedkeuring onredelik teruggehou is en die beslissing van die hof in so 'n vorm geredigeer is dat die appellant se identiteit nie verrai word nie.

Appèlle

Beide die kommissaris en die appellant is by magte om teen 'n beslissing van die spesiale hof na die hooggeregshof te appelleer. Wanneer direk na die Appèl-afdeling geappelleer word, moet die voorsitter van die hof wat die saak in die eerste plek verhoor het, spesifiek toestemming daartoe verleen. Daar is 'n outomatiese reg van appèl na die provinsiale afdeling van die hooggeregshof wat jurisdiksie oor die saak het (a 86A).

Regsafdeling

Die regsafdeling van die Inkomste Diens bestaan uit 'n groep advokate en administratiewe personeel. Die advokate verteenwoordig die kommissaris in die spesiale hof en lewer advies oor regs-vraagstukke waarby die kommissaris

betrokke sou raak, in besonder oor belastingsake. Die regsafdeling berei die dossiere wat voor die spesiale hof dien, voor en stel dit aan die griffier beskikbaar, wat dit aan die lede van die hof en die appellant besorg.

Die regsafdeling het 'n verhouding van "advokaat-kliënt" ten opsigte van die administratiewe sy van die departement, vanwaar hy sy opdragte ontvang. In hul voorbereiding van sake, versamel die belastingadvokate self feite in samewerking met die aanslaers wat by die besondere aanslae betrokke is.

Die regsafdeling het die gebruik van 'n goed toegeruste biblioteek, die bekende AF Corbett-biblioteek. Hierdie biblioteek is vernoem na wyle mnr AF Corbett, die vader van die huidige hoofregter van Suid-Afrika, Sy Edele MM Corbett. Weens finansiële beperkinge kon die biblioteek nog nie ten volle ontwikkel word nie, maar daar word beplan om dit een van die bes toegeruste belastingbiblioteke in die land te maak. Sodoende sal dit eer aandoen aan die statuut van die merkwaardige man na wie dit vernoem is.

Appèlle na die hooggeregshof word tans aan advokate in privaatpraktyk opgedra. Dié praktyk skep egter vir die afdeling 'n bron van kennis en ervaring wat van onskatbare waarde is. Die verhouding tussen die afdeling en die advokatuur is baie goed en het gelei tot die verryking van die afdeling ten opsigte van die reg in die algemeen.

Spesiale raad

Alle belastingappèlle is voorheen deur die spesiale hof hanteer. Om die las op die hof te verlig, is die spesiale raad op 1 Julie 1992 deur artikel 83A(2) van die Wet in die lewe geroep om geskille te besleg waar:

- die bedrag van die belasting in dispuut nie R20 000 oorskry nie; of
- die kommissaris en die appellant daartoe instem; of
- geen beswaar teen die regsbevoegdheid van die raad om die appèl te hoor, gemaak word nie (a 83A(1)).

Indien die kommissaris of die voorsitter van die spesiale raad te enige tyd voor die verhoor, of indien die voorsitter tydens die verhoor, van mening is dat die

appèl deur die spesiale hof aangehoor moet word, word die appèl voor die spesiale hof vir verhoor geplaas.

Die spesiale raad bestaan uit 'n advokaat of prokureur wat die voorsitter van die raad genoem word en, indien die voorsitter of kommissaris of belastingpligtige dit verlang, 'n rekenmeester of 'n verteenwoordiger van die handelstand. Die voorsitter word genomineer uit 'n paneel van advokate en prokureurs wat deur die Minister van Finansies in oorleg met die regters-president van die provinsiale afdelings van die hooggeregshof aangestel word. 'n Persoon wat as voorsitter van die spesiale raad aangestel word, beklee die amp vir 'n tydperk van vyf jaar, maar kan vir heraanstelling oorweeg word (a 83A(4)).

Die advokate in die regsafdeling tree nie persoonlik in die spesiale raad vir die verhoor van inkomstebelastingappèlle op nie, behalwe in daardie enkele gevalle waar privaatpraktisyns appellante verteenwoordig. Die kommissaris word normaalweg deur 'n personeellid van die ontvangerskantoor verteenwoordig, gewoonlik die aanslaer wat die gewraakte aanslag uitgereik het. Indien die appellant 'n natuurlike persoon is, verskyn hy persoonlik voor die raad, tensy hy anders verkies. In die geval van ander belastingpligtiges verskyn die verteenwoordigende belastingpligtige (a 83A(8)). Indien die appellant of sy verteenwoordiger versuim om op die bepaalde tyd en plek voor die raad te verskyn, kan die raad die aanslag bevestig en die appellant is daarna nie geregtig om na die spesiale hof te appelleer nie (a 83A(10)(e)).

Indien die appellant of die kommissaris nie tevrede is met die beslissing van die raad nie, kan enigeen binne 30 dae versoek dat die appèl na die spesiale hof verwys word. Laasgenoemde verhoor die saak dan *de novo* (a 83A(13) en (14)).

Die kommissaris voorsien 'n klerk van die raad wat optree as sameroeper van die raad en administratiewe take in verband met die raad se werksaamhede verrig (a 83A(5), (7), (10)(d)).

Die voorsitter van die raad bepaal die prosedure wat gevolg word na goed-dunke, mits elke party die geleentheid het om sy saak "op 'n redelike wyse aan die Raad te stel" (a 83A(10)(a)). 